

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons losgekoop het uit 'n lewenswyse waarin ons met verdraaide bedoelings met God leef. Christus het nie net ons skuld kom afskryf soos arbeiders se skuld deur hulle werkgewers afgeskryf word nie. Hy het arbeiders losgekoop uit 'n lewenswyse om God se arbeiders te wees, dat God hulle as kinders aan neem. Die preek wys dat wanneer God ons aanneem, vernader Hy ons lewenswyse van God se arbeiders na God se kinders toe, maar wanneer mense God as hulle God aanneem, is dit niks anders as arbeiders wat hul werkgewer kaap om hulle werknemer te wees nie. Christus het nie met sy kruisiging op Goeie Vrydag, God vir sondaars gekoop nie. Christus het met sy kruisiging op Goeie Vrydag sondaars God se kinders gemaak.

Liturgie Lied 381: 1,2,3. 2. Lied 389 verse 1 en 2. 3. Lied 393 verse 2,3,4.

Skriflesing Jes. 44: 20 – 23; Mat. 27: 32 – 44; Gal. 3: 19,20; 26- 29 4: 3 - 9.

Teks Gal. 4: 7 “Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nog 'n kind van god. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.

Tema Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

1. Het Christus ons losgekoop uit ons sondige bestaanswyse of het Christus God vir sondaars gekoop?

Dit is die vraag waarmee ons vanoggend weer die werklikheid en waarheid van wat Jesus Christus op hierdie oggend op Golgota gedoen het, saam kan ontdek. Is ons op Golgota losgekoop of is God op Golgota gekoop gewees?

Paulus beskryf die verlossing wat Jesus Christus op Golgota bewerk as die loskoop om as kinders van God aangeneem te kan word. 4: 5. en as om aan Christus te behoort. Dit is wat God met ons doen: Hy koop ons los, neem ons aan sodat ons aan Hom kan behoort.

2. Die sterwe van Christus is baie meer as net om die skuld van oortredings te betaal. Daarom word Christus se sterwe op hierdie Vrydagoggend aan die kruis nie genoem die afkoop van skuld nie, maar loskoop?

Losgekoop van wat?

Dit stel hy duidelik in Galasiërs 4: 7: Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God.” Losgekoop van die lewenswyse om 'n slaaf te wees. Hierdie lewenswyse van 'n slaaf beskryf die profeet Jesaja in hoofstuk 44 só: “Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie 'n leuen waarmee ek besig is nie?”

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

Dit was presies die posisie van die Galasiërs voor hulle deur die Here Jesus gered was. Paulus wys dit uit in 4 vers 8: “Daar was ’n tyd toe julle nie vir God geken het nie en slawe was van nikswerd afgode.”

Die Galasiërs was soos alle kinders van God losgekoop uit die slawerny van afgodsdienste. Dit is wat die Here op Vrydagoggend van Paasfees aan die kruis gedoen het, om sondaars van die slawerny van afgodsdienste los te koop.

3. Ons het verlede Sondag gesien afgodsdienste soos in Jesaja beskryf, is verdraaide opvattinge. Dit is die verdraaiing van God se bedoeling hoe Hy God is en ons mense is. Daarom is verdraaide opvattinge die mense se verdraaide bedoelings met God.

- God se bedoeling dat ons met ons hele hart, siel en verstand aan God sal behoort, verdraai met afgodsdienste so dat God met alles wat Hy is aan mense moet behoort.
- God se bedoeling dat Hy ons maak soos Hy wil en ons moet wees soos Hy ons gemaak het, verdraai mense met afgodsdienste só dat mense God maak soos hulle Hom wil hê.
- God se bedoeling dat mense sy dienaars is in sy skepping, verrai mense met afgodsdienste só dat God mense God die god binne in hulle lewe moet wees wat hulle versugtinge en begeertes moet gedienstig wees.
- God se bedoeling dat Hy mense in posisies van menslike gesag plaas om God se wil te laat geskied, verander met mense met afgodsdienste só dat hulle God hulle God in die posisie plaas om hulle met sy goddelike mag te vervul.

4. Paulus noem hierdie lewe, die lewe om ’n slaaf van nikswerd afgode te wees. Nikswerd afgode in die Jesaja en die profete word die hele tyd uitgewys as nietighede en dat elkeen wat sulke nietighede aanbid, net so nietig, net so niks en nikswerd as hulle gode sal word.

Daarom is mense slawe van nietigheid, slawe wat ’n lewe leef waarin hulle en alles wat hulle doen, niks werds is nie.

Hoe leef ’n mens ’n lewe wat nikswerd is op so manier dat jy self niks is nie? Deur verdraaide bedoelings as goeie bedoelings uit te leef!

- Deur te leef met die passie en toewyding dat God en alles wat Hy is aan jou behoort,
- deur te leef met die passie om God en alles wat Hy is in jou lewe en deur jou lewe uit te beeld;
- deur die geloof dat God die god is wat al jou begeertes vervul,

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

- en deur te leef met geloof dat jy die posisie het om met die krag en mag van God op te tree.

Hierdie is 'n nikswerd lewe waarin God nooit God is soos jy in Hom glo en jou geloof en toewysing aan hierdie god, nooit deur God as waardevol aanvaar word of geag word nie. God maak nie afgodsdienste waardevolle dienste aan Hom nie. Hy verwerp dit!

Hierdie is 'n nikswerd lewe waarin jy ook nooit die mens kan wees wat God jou bedoel het om te wees nie, om aan Hom te behoort en Hom te mag dien en lief hê nie.

Nikswerd vir God terwyl jy vas glo dat God jou alles is!

Dit is wat Jesaja beskryf in die woorde: “‘Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie 'n leuen waarmee ek besig is nie?”

Afgodsdienste maak mense slawe van 'n lewe van nietigheid, slawe om so te leef dat mense nikswerd word en niks werds is nie. Hierdie redeloosheid se krag bestaan daarin dat mense hierdie nikswerd lewe en betekenisloosheid as mens, as hulle ware krag en mag in die lewe glo en ervaar.

Dit is die illusie van goddelike krag, goddelike lewe en goddelike mag: om so te leef dat jy nikswerd is en dit te ervaar as 'n kragtige en magtige lewe! Sulke mense kan hulle self nie red nie!

5. U moet weer die magskrete van die Jode by die kruis van Jesus op Golgota hoor:

- “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as hy die Seun van God is en kom van die kruis af!”
- “Ander het Hy gered, maar homself kan Hy nie red nie, .. laat Hy van die kruis afkom en ons sal in Hom glo!”
- Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy 'n behae in Hom het.”

U moet hulle oortuiging en geloof hoor in hulle magskrete teenoor die Here: vertoon jou goddelike mag vir ons en ons sal in jou glo! Wat sou Jesus vir wie gedoen het, as Hy terwyl Hy aan die kruis gehang het, van die kruis afgekom het?

Hy sou dit vir Jode gedoen het wat in Hom sal glo as Hy Homself met goddelike krag en mag aan hulle vertoon het. Wat sou hulle geglo het, dit kan nie meer wees dat Hy vir hulle sonde gekruisig sou wees nie, want dan het hy nie vir hulle sondes godverlate gesterf nie. Hy sou vir hulle gewys het dat Hy deur God bemaagtig is met

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

goddelike krag en mag om hulle met God te bemagtig teenoor almal wat nie soos hulle God se wet gehoorsaam nie.

Die Here wat van die kruis moes afkom, is die Christus van magsdeling! Hy is die Christus wat God se mag en krag in besit geneem het en God se mag en krag met almal wat aan God gehoorsaam is sal deel.

6. Die totale ironie van die kruisiging van die Here is dat Hy juis deur Homself nie te red nie, hulle red van dit waarvan hulle self nie kan red nie. Hy red hulle van die geloof wat hulle in Hom wil hê. Hy red hulle van die God waarin hulle wil glo wat sy mag en krag met mense moet kom deel.

Dit is wat loskoop beteken! Hy koop hulle los van die geloof wat hulle in God het en in God wil hê!

Paulus beskryf hierdie teenstelling tussen die redding wat die Here bewerk deur nie van die kruis af te kom nie, teenoor die redding wat die Jode wil hê deur 'n Here wat van die kruis afkom om sy goddelike mag te demonstreer en te deel, met die teenstelling van kinders van God teenoor slawe van God!

Wat deel kinders met God hul Vader en wat wil slawe met hulle baas deel? Kinders deel in die liefde van die Vader en slawe wil deel in die mag van hulle baas.

Die Here red ons van die lewe van magsdeling met God tot 'n nuwe lewe waarin ons in God se liefde leef. Dit is wat loskoop beteken. Losgekoop uit 'n nikswerd lewe waarin mense glo hulle deel God se mag en leef in die krag, mag en lewe van God tot 'n lewe waarin mense weet hulle is kinders van God in sy liefde.

7. Kom ons kyk hoe Paulus dit toelig met die voorbeeld van die verskil tussen slawe en kinders!

Die Here wat ons loskoop om deur God aangeneem te word en aan God te behoort, maak ons aangenome kinders van God. Hierdie "aanneming" moet ons hoor binne die spanning van slawe en kinders. Die Here neem van sy arbeiders, sy slawe aan as sy kinders!

Dit is wat loskoop beteken. Baie van ons hier is werkgewers. Loskoop beteken nie dat jy die skuld wat jou arbeiders het afskryf sodat hulle arbeiders sonder skuld is nie. Loskoop beteken dat jy 'n arbeider loskoop uit sy lewe as arbeider deur hom as jou kind aan te neem wat saam met jou in jou huis moet kom leef en jou as sy pa moet aanvaar.

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

Christus se kruisdood koop ons los van 'n lewe om God se arbeiders te wees sodat ons God se kinders kan wees, ons wat in onself niks anders as net sy arbeiders was nie.

Daarom beteken loskoop, losgekoop om deur God self gekies en aangeneem te word om aan God die Vader as ons Vader te behoort. Wat die Here op Golgota doen maak dat die Gees van God in ons harte uitroep: Abba! Ons Vader wat in die hemel is!

8. Wat is godskaping?

Godskaping is wanneer 'n arbeider in jou huis intrek met die kennisgewing dat hy jou as sy pa aangeneem het. Dit is baie naby aan wat op die oomblik besig is om met ons te gebeur in die opeis van grond sonder vergoeding.

Kan u u self so iets indink?

'n Arbeider wat homself aanmatig om uit sy kampong uit te trek, in jou huis in te trek met die motivering hy het jou as sy pa gekies en jou as sy pa aangeneem!

Wat maak só 'n arbeider met jou?

Maak hy jou sy pa en word hy jou seun, of is hy net 'n arbeider wat op jou beslag lê en jou lewe beset? 'n Arbeider wat jou aanneem is net 'n arbeider wat op jou beslag lê en jou lewe kom beset.

Wie is so arbeider?

So 'n arbeider is nie jou seun nie. Hy is én bly net 'n arbeider wat homself bemagtig het sodat jy hom nie meer as arbeider mag behandel nie. Dit is al wie hy is: 'n arbeider wat eis dat jy hom nie as arbeider mag behandel nie. 'n Arbeider wat net 'n arbeider bly, maar vir wie jy as arbeider moet pa-staan dat hy nie meer 'n arbeider is nie.

Wat maak só 'n arbeider met jou?

Maak só 'n arbeider jou sy pa of maak hy jou die gevangene van die ander arbeiders? Wat dink u gaan die ander arbeiders met jou doen, as een van die arbeiders jou huis kom beset en jy moet hom in jou eie huis versorg omdat hy besluit het jy is sy pa?

So 'n arbeider neem die werkgewer gevange om nie meer enige gesag of mag te kan hê oor die arbeid nie. So 'n arbeider kaap die werkgewer om nou die werknemer van die arbeid te word. Dit is toevallig presies die drif van grond onteiening sonder vergoeding. Wie gaan jy as landbouer wees na hulle dit gedoen het? Jy gaan die arbeiders se werknemer wees! Jy gaan nie weg gaan nie. Jy gaan aanbly en vir hulle boer! Dit is die absurde van die hele kapingsdrif: dit gaan nie oor grond nie, dit

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

gaan oor wie werk vir wie! In hierdie verwronge gemoed van arbeiders moet jy hulle werknemer wees.

Wanneer 'n arbeider in jou huis intrek en jy moet hierdie arbeider soos 'n kind behandel, het jy nie sy pa geword nie. Jy het hierdie arbeider se arbeider geword.

Dit is wat met godskaping gebeur!

9. Kom ons kyk weer na wat die Jode vir die Here aan die kruis op Golgota skree: Kom van die kruis af en ons sal glo jy is die seun van God! Hulle glo nie Hy is die Seun van god wat sterf om hulle los te koop van hulle sondige lewenswyse nie, maar hulle sal in Hom glo as Hy homself die Seun van God maak. Dit is die uitdaging wat hulle eerlik bedoel. As Jesus Homself die Seun van God maak, deur die goddelike mag op te eis en te verkry om van die kruis af te kom, sal hulle in Hom glo.

Vir hulle is Jesus net soos hulle, een van God se arbeiders, maar as Hy God se huis binnegaan en Homself as God se Seun verklaar en God moet buig en Jesus as sy Seun aanvaar, dan sal hulle in Hom glo!

Wat glo?

Hulle sal glo dat Jesus die arbeider is wat van God hulle arbeider gemaak het, want as Hy net 'n arbeider is, en .hy gaan beset God se huis en sê vir God Hy het gekies om god se Seun te wees en God as sy Vader aan te neem, en God moet dit aanvaar en inval by hierdie arbeider, Jesus, se besluite, dan het Jesus God vir die arbeid gekaap!

Dan kan die Jode en ons God se eiendom en lewe opeis as arbeiders vir wie God die arbeider moet wees!

10. Broer en susters verstaan u hoekom ons nooit met goeie bedoelings die volgende met God kan doen nie:

- Jesus het gemaak dat ons vir God gekies het;
- Jesus het gemaak dat ons God aangeneem het.
- Jesus het ons deel van die krag, lewe persoon en wil van God gemaak.
- Jesus maak dat ons wys God se krag en lewe in ons lewe.

Hierdie is verdraaide opvattinge oor God! Hierdie is arbeiders wat glo dat Jesus is die arbeider wat God sy pa gemaak het en daarom maak dat God nou ons arbeider is: Hy is die God wat sy goddelikheid en sy skepping met ons moet deel op so wyse dat Hy in diens van ons begeertes staan.

Hierdie is die afgodsdienste waarin Jesus sy mag gewys het om God vir ons te kaap!

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

'n Arbeider wat sy werkgewer sy pa maak, is nie maar dieselfde as 'n werknemer wat een van sy werkgewers as sy kind aanneem nie. 'n Arbeider wat sy in sy werknemer se huis intrek en hom sy pa verklaar, is 'n eiemagtige arbeider wat sy werkgewer sy arbeider wil maak.

'n Arbeider wat aangeneem word as kind, word losgekoop uit die mentaliteit en lewe van 'n arbeider en word 'n kind gemaak!

11. So wat het die Here Jesus op hierdie Vrydagoggend op Golgota aan die kruis gedoen? Is Hy God wat ons losgekoop van ons arbeiderbestaan teenoor God deur as God self die vervloekte mens aan die kruis vir ons te word sodat God ons aangeneem het om aan God as kinders te behoort, of is hy 'n mens wat homself die Seun van God gemaak het en God sy Vader gemaak het?

Christus is nie maar net nog een van die arbeiders wat God sy Vader gemaak het nie! Dan is Hy niks en niemand anders as net nog 'n arbeider wat God beset het om God te kaap vir die ander arbeiders nie. Is Hy die arbeider wat ons van God die Vader verlos sodat God ons arbeider kan wees.

Dan is Hy die arbeider wat ons van God as God kom verlos het deur God ons arbeider te maak.

Dit het Christus nie gedoen nie. Want so 'n verlosser moes van die kruis afkom en met goddelike mag bewys dat God sy Vader maak. Jesus het nie van die kruis afgekom nie, maar het gesterf om sondaars uit hierdie mentaliteit en lewenswyse los te koop – ons moet God ons God maak sodat ons deel van God se krag, lewe en mag is en Hy vir ons werk om ons begeertes vir ons waar te maak.

Losgekoop om kinders te wees wat God aanneem om in sy liefde te leef, nie sy mag te deel nie.

12. “Wil julle van voor af slawe wees?”

Met hierdie vraag herhaal Paulus die kernprobleem van die geloof van die Galasiërs wat hy in hoofstuk 3: 1 – 3 gestel het. Kom ons lees dit saam!

“Wil julle van vooraf slawe wees? Wil julle die Heilige Gees deur Christus ontvang of deur julle eie krag?” Wil julle kinders van God wees of bemagtigde arbeiders? Wil julle God vertrou dat Hy julle losgekoop het, aangeneem het om aan Hom as sy kinders te behoort of wil julle glo dat julle vir God gekies het, God aangeneem het en alles wat Hy as God is julle eie gemaak het sodat Hy julle begeertes kan waarmaak?

Wil julle God se bedoeling met julle verdraai?

Christus het ons losgekoop om as kinders van God aan te neem

Die Here het met die nagmaal vir sy dissipels gewys hoe Hy hulle kinders van God die Vader gaan maak – verenig met Christus om deel te wees van Christus. Die nagmaal is die teken wat ons vanoggend ook wys dat ons verenig is en deel het aan wie die Here vir ons op hierdie oggend was en vandag as mens in die hemel is.

Verenig en deel van die Here wat ons losgekoop het uit ons arbeidersmentaliteit en lewenswyse teenoor God. Ingesluit in sy lyding, kruisiging en dood om kinders van God te wees. Ingesluit en deel van sy lyding, kruisiging en dood om deur God aangeneem te kan word as sy heilige en regverdige kinders.

In ons vereniging en deel wees van alles wat die Here op Golgota was, is ons nie arbeiders wat God in sy huis toelaat nie, ons is sy kinders wat Hy aangeneem het.

Wil julle mense wees wat God kies, aanneem en julle eie maak, van voor af slawe, met Jesus as die voorman wat God se huis en lewe vir die arbeid beset, of wil julle kinders wees.

Kinders wat glo God het hulle aangeneem, omdat hulle met Christus se kruisiging op Golgota verenig is, nie arbeiders wat God aangeneem het in die Naam van Jesus sodat God ons werknemer kan wees nie!

Jesus is die voorman wat God vir ons gekaap het, deur Homself die Seun van God te maak en God sy Vader te maak nie. Hy is self God wat as mens in ons plek gekruisig is en gesterf het om ons as sy kinders aan te neem.

Kom ons glo ons aanneming en kom ons verwerp die verdraaide opvatting van bemagtigde arbeider wat God wil aanneem en hulle eie maak!

.